HOOFSTUK

5

# Opsomming

## Ontleding en vertolking

- Bereken verhoudings deur van inligting op die finansiële state gebruik te maak.
- Vergelyk die huidige jaar se verhoudings met dieselfde verhoudings uit die vorige jaar se finansiële state of algemeen aanvaarde norme.
- Lewer kommentaar op die verskille tussen die twee finansiële periodes.

## Waarom ontleed en vertolk?

- Stel jou in staat om belangrike ondernemingsbesluite te neem.
- Om die finansiële stabiliteit, bv. winsgewendheid, effektiwiteit van beleid, patrone van vooruitgang of stagnasie vas te stel.
- Deur resultate te ontleed word bestuur gehelp met die besluite rakende die uitbreiding van die onderneming.
- Sal bestuur help om te bepaal of die onderneming in staat sal wees om sy langtermynverpligtinge (terugbetaalbaar oor ’n periode langer as 12 maande) en korttermynverpligtinge (terugbetaalbaar oor ’n periode korter as 12 maande) na te kom.
- Help bestuur om vas te stel of die onderneming se uitgawes binne die begrote norme is vir die spesifieke finansiële periode.

## Belanghebbendes wat belang het in ontleding en vertolking

Eienaar, bestuur, finansiële instellings, debiteure, krediteure, werknemers/ vakbonde, SAID, media en mededingers.

